

TIM DU PLESSIS werk tans as 'n onafhanklike joernalis en politieke skrywer. Tot einde Junie 2022 was hy 'n konsultant-redakteur vir die produksiemaatskappy wat nuus- en aktuele inhoud vir kykNET vervaardig. Van 2014 tot 2020 was hy Hoof van Nuus en Aktualiteit by kykNET. Hy werk reeds 47 jaar in die media.

Tim het sy loopbaan as 'n verslaggewer by Beeld in Johannesburg begin. Hy het later gevorder tot onder meer redakteur van The Citizen, Rapport en Beeld. Van 2011 tot 2014 was hy die hoofredakteur van Afrikaanse koerant-titels by Media24. Sy portefeulje het ingesluit Die Burger, Beeld, Volksblad, Rapport en Kaapse Son.

Hy skryf sedert 2011 'n tweeweklikse rubriek vir Rapport en is 'n gereelde deelnemer aan besprekingsprogramme op radio en TV oor politiek en openbare kwessies.

Tim het in kommunikasiekunde aan die destydse Randse Afrikaanse Universiteit, nou die UJ, gestudeer. In 1978 het hy 'n BA Honneurs in Joernalistiek (cum laude) aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Hy was in Helshoogte, waar hy die redakteur van die koshuiskoerant was.

In 1992/1993 het hy 'n akademiese jaar aan die Harvard-Universiteit in die VSA deurgebring as 'n beurshouer van die Nieman Fellowship for Journalism.

Sy seun Charl was in 2009 ook 'n Joernalistiek-student op Stellenbosch.

Tim woon in Johannesburg.